

MIDDELLANDSE SEEBOOTVAART
Venesië, Kroasië, Montenegro, Santorini, Katakolon
18 – 29 SEPTEMBER 2019

NADERE BESONDERHEDE

TOERPRYS: R48 750 plus foottjies, lughawebelasting en reisversekering
(Sien NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE)

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- * Retoervliegkaartjies met KLM en Air France
- * Vervoer van lughawe na die boot en van boot na lughawe in Venesië
- * Twee nagte verblyf op een van die eilande van Venesië
- * Luukse 7 nagte bootvaart op die *Rhapsody of the Seas* uit die Royal Caribbean-vloot
- * Drie uitgebreide etes per dag tydens bootvaart – buffet en à la carte (feitlik 24 uur beskikbaar!)
- * Koffie, tee en versnaperings dwarsdeur die dag op die boot
- * Alle vermaak en aktiwiteite aan boord, oa oefen-apparaat en jacuzzi
- * Luukse en-suite buite-kajuite ('Ocean View') per persoon wat deel
- * Hantering van bagasie (een tas per persoon)
- * Vervoer per waterbus (vaporetto) in Venesië
- * Ervare toerleiers vergesel die groep
- * Hawe- en bootbelasting van ongeveer R5 600
- * Foottjies vir bootpersoneel (± R1 320)

NIE INGESLUIT BY DIE TOERPRYS NIE:

- * Foottjies vir busbestuurders/gidse: ± **R450** (Dit word vooraf in Suid-Afrika betaal)
- * Lughawebelasting: ± **R5 000**
- * Reisversekering waaroor u later volledige besonderhede sal kry
- * Verkryging van paspoorte en visums. Visumkoste: ± R1 300
- * Binnelandse aansluitingsvlugte in Suid-Afrika
- * Middagete ná ontskeping en middagetes tydens opsionele uitstappies wat u vanaf die boot onderneem. (Indien u aan boord bly, is middagetes ingesluit.)
- * Enkelgebruik van dubbelkajuit en kamer in hotel: R22 488
- * Opsionele uitstappies tydens bootvaart
- * Persoonlike uitgawes soos telefoonoproepe, drankies, aandenkings ens

OPSIONELE UITSTAPPIES

Tydens die bootvaart is alle uitstappies aan land opsioneel. Ons het geen beheer daaroor nie en besprekings word direk by die boot se ekskursie-toonbank gemaak. Op sekere uitstappies is beperkte plekke beskikbaar terwyl ander volgens vraag-en-aanbod aangebied word. Die weer speel ook 'n bepalende faktor tov sekere uitstappies. Inligting oor al die ekskursies word deurgaans op 'n spesiale TV-kanaal in u kajuit deurgegee en u sal genoeg tyd kry om besprekings te maak sodra u aan boord is. U kan dit egter ook voor vertrek via die internet doen. Dit staan u natuurlik ook vry om géén opsionele uitstappies te onderneem nie – van die dorpie is interessant genoeg om net op 'n mens se eie te verken. U kan ook besluit om byvoorbeeld aan slegs een of twee opsionele uitstappies deel te neem. Daar is geweldig baie opsies en dis bykans onmoontlik om alles te lys. Indien u toegang tot internet het, gaan kyk gerus by www.royalcaribbean.com en kies 'Shore excursions' van 'Eastern Mediterranean' om 'n idee te kry wat alles aangebied word. Die 'Cruise Line' is Royal Caribbean en die boot is 'Rhapsody of the Seas' met 'Venice' as hawe of 'Port'.

Die *Rhapsody of the Seas* is 'n luukse boot van 11 verdiepings en kan ongeveer 2 000 passasiers huisves. Daar is 'n lieflike teater met daaglikse vermaak, verskeie winkels, casino-geriewe en baie sport- en ontspanningsgeriewe soos 'n oefen-gimnasium, gewone en verhitte swembaddens, jacuzzi, mini-gholfbaan, en spesiale vermaak vir jongmense.

Die boot het 'n paar sitkamers met groot vensters waarvandaan u 'n onbelemmerde uitsig het en natuurlik is daar ook ruim sitplek op die buite-dek. Daar is meer as een restaurant en kroeg aan boord. Tee en koffie is deurentyd beskikbaar. Die etes is uitstekend en maak voorsiening vir elke moontlike smaak. Ontbyt en middagetes is uitgebreide buffet-etes wat u op u eie tyd en volgens u eie roetine kan geniet. Driegang-aandetes word saans saam as groep in die restaurant geniet waar ons vanaf 'n spyskaart met verskeie opsies bedien word. Alle vermaak en etes **aan boord** is by die toerprys ingesluit. Wyn en ander drankies by etes is egter addisioneel.

Alle kajuite wat ons op die boot bespreek het, is buite-kajuite en bied 'n see-uitsig. Kajuite is ruim, het privaat stort- en toiletgeriewe, 'n haardroër, TV, koningin-grootte bed (kan ook as 2 groot enkelbeddens aangewend word), 'n woonkamer-area en genoeg pakeplek. Linne en handdoeke word daaglik of volgens gaste se behoefte vervang.

BEREKENING VAN TOERPRYS

Die toerprys is onderhewig aan 'n minimum van 20 toerlede en is uitgewerk per persoon wat deel. 'n Toerprys bestaan hoofsaaklik uit die koste van die vliegkaartjies en landreëlings, dit wil sê vervoer en akkommodasie. Soos met enige ander toer is hierdie toer ook aan faktore buite ons beheer onderhewig wat die toerprys en toerdatums kan beïnvloed.

Aangesien die boot aan 'n Amerikaanse maatskappy behoort, is alle pryse tov die vaart in Amerikaanse dollar aan ons kwoteer. Alle ander kostes in Europa, bv die vervoer en daguitstappies wat ons reël, is vanaf euro na rand omgerek. Dit is ons beleid om nie ligtelik 'n toerprys te verhoog nadat dit een maal vasgestel is nie. Indien die wisselkoers teenoor die betrokke land se valuta drasties sou verhoog, kan dit egter die toerprys beïnvloed.

DEPOSITO EN INSKRYWING

'n Deposito van R6 000 per persoon is by inskrywing betaalbaar. Volledige besonderhede in verband met aankope van vliegkaartjies, die uitneem van visums, reisversekering, die betaling van die toer en dies meer word vroegtydig per omsendbrief aan toerlede gestuur.

Ons het slegs 28 plekke op die boot bespreek en die deposito's op die vlugte is reeds betaal. Indien u belangstel, moet u so spoedig moontlik reageer om teleurstelling te voorkom.

'n Tjek uitgemaak aan **Christine van Wyk-Toere**, afskrif van 'n bankdeposito-strokie* of bewys van elektroniese oorbetalings (EFT) moet saam met die Inskrywings- en Vrywaringsvorms aan ons gestuur word.

NB: GEBRUIK U VOORLETTERS EN VAN AS VERWYSING!

**Alle geld wat in banknote inbetaal word, moet die ekstra kontant-inbetalingskoste insluit. Vra u bank hoeveel dit behoort ($\pm 1\%$ van die bedrag).*

Bankbesonderhede:

Standard Bank Pretoria-Noord

Tjekrekening ("Current account"): **410 722 782**

Takkode: **01 04 45 of 05 10 01**

Verwysing op betalings: **U voorletters en van**

BELANGRIK

Ons kan ongelukkig vir niemand plek hou nie. 'n Inskrywing is eers geldig wanneer ons u **deposito tesame** met die **Inskrywingsvorm** en **getekende Vrywaring van elke toerlid** ontvang het. Die vorm moet volledig voltooi word met die **volle name en van en alle ander besonderhede soos gevra**.

Wanneer ons u Inskrywingsvorm en deposito ontvang, stuur ons aan u Omsendbrief 1 met al die besonderhede in verband met klere wat u moet saamneem ens. Daarna ontvang u gereeld nog omsendbriewe met nuus en inligting. **Dui enige verandering van u kontakbesonderhede (bv adres en telefoonnommers) duidelik op u korrespondensie met ons aan.**

FINALE BETALING

Die volle toerprys plus alle ander geld (lughawebelasting, visums, footjies, versekering) moet vóór **18 Junie 2019** betaal word. Tref vroegtydig die nodige reëlings sodat u geld beskikbaar is.

Slegs vliegkaartjies en lughawebelasting kan per kredietkaart betaal word ná voltooiing van 'n vorm wat ons aan u sal stuur. Die res van die toerprys word direk aan **Christine van Wyk-Toere** betaal – nie per kredietkaart nie, maar deur tjeks, tjekdeponerings of elektroniese oorplasinge.

TERUGBETALING, INDIEN VAN TOEPASSING

Aangesien die toergeld lank vooruit aan ons oorsese agente betaal moet word, is die volgende van toepassing:

- o Indien toerlede genoodsaak is om te kanselleer vóór **17 Mei 2019**, kry hulle by **skriftelike** kansellasië **R5 500** van die deposito terug.
- o Indien toerlede daarna, tot **18 Junie 2019**, kanselleer, kry hulle **R5 000** terug. Ná **18 Junie 2019** (finale toergeld se betaaldatum) word **geen** deposito terugbetaal nie – sien KANSELLASIE.
- o Indien 'n toerlid vanweë siekte genoodsaak is om te kanselleer voor die finale toerprys betaal is (dit wil sê voor 18 Junie 2019), word die volle deposito minus **R500** administratiewe koste by voorlegging van 'n doktersertifikaat terugbetaal. In geval van kansellasië as gevolg van siekte ná die finale betaaldatum, geld u versekeringsdekking – sien KANSELLASIE.

KANSELLASIE

Sodra die nodige reisversekeringspolis wat vir kansellasiëdekking voorsiening maak, uitgeneem is, kan u, indien u moet kanselleer, u geld vanaf die versekeringsmaatskappy terugeis, mits die rede vir kansellasië kragtens die polis aanvaarbaar is. Volledige besonderhede oor reisversekering sal aan almal wat inskryf, gestuur word.

VLIEGKAARTJIES EN KONSESSIEHOUEERS

Ons toergroep vlieg met KLM tot in Amsterdam en van daar tot in Venesië. Konsessiehouers of persone wat om een of ander rede nie die groepvlieg gebruik nie, kan R6 400 van die toerprys aftrek. Hulle kan die deposito wat ons op die groepvlieg betaal het verbeur.

Die groep se vliegkaartjies word deur **Benita Venter** van **FERNWEH TRAVEL** uitgereik.

E-pos: benita.venter1@gmail.com **Tel:** 072 935 3679

ENKELKAJUITE

Toerlede kan enkel-akkommodasie teen 'n bybetaling van R22 488 kry. Die hotel in Venesië het nie enkelkamers nie en die boot beskik ook net oor standaardkajuite vir enkelgebruik. U betaal dus vir 'n dubbelkamer en -kajuit vir enkelgebruik en spaar baie indien u 'n kajuit/kamermaat het. Probeer gerus 'n kennis oorreed om saam te gaan. Ons probeer om vir enkelopende toerlede geskikte kamermaats te vind, **maar is onder geen verpligting om dit te doen nie.**

AGTERBLY NA AFLOOP DIE TOER (WEGBREKERS)

Dit is moontlik om met die groepvlieg ná die toer op u eie verder te reis. KLM/Air France hef 'n wegbrekersfooie van ongeveer R500.

PASPOORTE (DRINGEND!)

Maak asseblief seker dat u paspoort vir minstens 3 maande ná afloop van die toer nog geldig is. Daar moet ook minstens twee skoon bladsye in u paspoort wees. LW: Indien u nie 'n paspoort het nie, moet u dadelik aansoek doen en meld dat dit 'n dringende aansoek is. Wegbrekers moet seker maak oor die visums vir die wegbreek-lande.

MINDERJARIGES

BELANGRIK: Minderjarige kinders wat saam met u reis, benodig 'n 'unabridged' geboortesertifikaat, wat saam met hulle visumaansoeke ingedien moet word. Hierdie sertifikaat verskil van die standaard geboortesertifikate wat deur Suid-Afrika se Departement van Binnelandse Sake uitgereik word – dit bevat die kind asook albei ouers se volle name en identiteitsnommers op één, amptelike dokument. Doen asseblief onmiddellik aansoek vir 'unabridged' geboortesertifikate vir elkeen van u minderjarige kinders wat saam met u gaan reis.

TOERFIKSHEID

Voornemende toerlede moet besef dat hulle deel vorm van 'n groep en dat hulle fisieke en emosionele omstandighede op geen manier die groep se belange mag benadeel nie. Mense wat byvoorbeeld moeilik beweeg, kan die groep vertraag. Toerlede kan nie verwag dat medetoerlede hulle moet help of bystaan nie.

'n Basiese riglyn vir toerfiksheid is dat 'n mens onafhanklik in-en-uit 'n toerbus moet kan klim, onafhanklik 'n stel trappe kan klim en ongeveer 1 km op jou eie moet kan stap.

Persone wat deurentyd hulp of bystand nodig het, MOET iemand saamneem wat na hulle kan omsien.

Ons sien daarna uit om hierdie besondere toer aan 'n gelukkige groep toerlede te bied.